

25 Maart 1 Korintiërs 15:14-19, (Teks: Lukas 9:33c)

Moenie Jesus terugrem nie

As Jesus se ontmoeting met Moses en Elia verby is, wil Petrus drie huise (skuilings) bou, maar die Bybel sê: HY HET NIE GEWEET WAT HY SÊ NIE. Hoekom? Hy wou hierdie wonderlike oomblikke so hou. Jesus en Moses en Elia moes daar op die berg bly. Dit was so 'n grootse oomblik. Soveel heerlijkheid het geen lewende mens ooit gesien nie. Here, kom ons hou dit so! Petrus het nie die omvang van sy eie woorde begryp nie. Hy het nie die betekenis van die oomblikke besef nie; hy het nie in die ligglans die lig van die hemelse heerlijkheid gesien nie; hy het nie besef dat daar juis oor die kruisgebeure gepraat is nie. Hy wil hierdie mooi oomblikke so hou. Besef jy nie dat jy Jesus terugrem van die kruis nie; die luide roep om verlossing stilswyg; Jesus voor die versoeking plaas om nie die kruisweg op te gaan nie! Wanneer dit om Jesus gaan, weet baie mense ook nie wat hulle doen en sê nie. Kersfees: Geskenke en brassery. Paasfees: Paashase en -eiers. Sinloos. Niksseggend. Sonder enige besef van die diepe inhoud van dit alles. Petrus het op daardie oomblik die tydelike, die aardse gesien en dit geniet. Hy het nie aan die diepere meegewerk nie. Nee, die kruisgebeure moet beleef en deurleef word as Godgegewe heerlikhede met 'n diepe sin en betekenis. Ek mag dit nie vervlak tot die aardse, tydelike nie. Op die berg het Jesus se gesig geblink. Moses en Elia het ook geskitter. Dit alles het gesprek van die hemelse. Is dit so met jou? Die kruis is die betaalpunt van al my lelike sonde. Die graf is die bevrydingsplek van die mag van die dood. Die opstanding is die heerlijkheid en eer waarmee Christus ook my en my dierbares wil kroon. Dan word die kruis en Jesus vir jou sinvol en nie iets wat jy wil afrem.... maar net vir hierdie lewe nie. Dan is jou lewe iets waarvan gesê word: Hy/sy het geweet wat hulle sê, geweet wat hulle doen.

Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)